

25 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 25:1-13**

**Fokusgedeelte: Matteus 25:12**

### **Ek ken julle nie**

Christus vertel 'n gelykenis met die oog op sy wederkoms. Op die dag van die wederkoms sal daar wyse, verstandige mense wees. Daar sal ook dwase, onverstandige mense wees. Wyse mense is mense wat, soos die vyf meisies in die gelykenis, voorbereid is vir wat kom. Onverstandige mense is nie gereed nie. Hulle dink wel so nou en dan oor die wederkoms, maar is nie daarop gefokus nie. Hulle hele lewe is nie op Christus gerig nie.

Die bruidegom van die gelykenis neem lank om te kom. Die mense wat hom in sy bruilofstoet moet vergesel, begin al moeg raak. Hulle raak selfs aan die slaap. Almal slaap: die verstandiges én die onverstandiges. Maar dan breek die groot oomblik aan. Die bruidegom kom! Almal word wakker. Die verstandiges steek hulle lampe aan met die ekstra olie wat hulle saamgebring het. Hulle is gereed vir dit wat voorlê. Die onverstandiges het geen ekstra olie nie. Hulle kan nie in die optog saamtrek nie.

Dikwels word die olie in die lampe verklaar as goeie werke wat gelowiges moet doen. Of dit word verstaan as die geloof wat die vyf wyse meisies wel gehad het, maar die vyf dwase meisies nie. Christus gee Self die uitleg en toepassing van die gelykenis. Die vyf wyse meisies is saam met die hemelse Bruidegom in die ewige heerlijkheid opgeneem. Die dwase meisies moes inderhaas gaan olie soek. Hulle kom later by die bruilofsfees aan. Die boodskap wat hulle dan te hore kry, is hard en skerp: Julle kan nie inkom nie, want *Ek ken julle nie*.

Met sy wederkoms maak Christus 'n tweesnydende onderskeid tussen wys en dwaas, verstandig en onverstandig, voorbereid en onvoorbereid. Vir die onvoorbereides sê Hy: Ek ken julle nie. Hoekom nie? Omdat julle My nie geken het nie. Nie almal wat *Here Here* sê, ken die Here nie. Wie Christus nie as Verlosser en Koning liefhet en van harte aanhang nie, wie nie uit die krag van sy verlossing leef nie, sal ook nie deur Hom herken en geken word op die dag van die wederkoms nie. Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak (Spr. 3:6).

Sing: Psalm 139:12

Dr. GJ Meijer (Oos-Moot)